28 Mei **Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14**
Fokusgedeelte: Esegiël 37:14

Nuwe lewe uit dooie mense

Die gesig van die vallei vol doodsbeendere is een van die mees aangrypende gesigte in Esegiël. God het hom hierdie gesig laat sien as antwoord op die volk se klagte dat dit met hulle verby was. Hierdie doodsheid is die gevoel wat die ballinge oorweldig het toe hulle besef het dat al hulle verwagtinge verydel is. Hulle het gehoop dat hulle na Jerusalem sou terugkeer, maar nou is Jerusalem verwoes. Dit het gevoel asof alles nou verlore is, asof hulle geen hoop meer het nie (vers 11). In die gesig sien Esegiël ‘n vallei vol doodsbeendere wat op sy bevel weer lewendige mense word. Dit is asof ‘n geweldige wonderwerk voor sy oë afspeel, asof die onmoontlike weer moontlik word. Hierna moes Esegiël God se Woord aan die ballinge gaan verkondig. Die ballingskap was straf op hulle sonde ja, maar dit was nie die einde van God se pad met hulle nie. Hy sal weer genade bewys en hulle na hulle land laat terugkeer. Dan sal hulle werklik die almag van die Here besef, en weet dat Hy hulle sonde vergewe het en weer lewe gee waar dit totaal onmoontlik gelyk het. Hierdie nuwe lewe is vir ons alleen moontlik deur die dood en opstanding van Jesus wat gesterf het sodat ons altyd met God kan lewe. Selfs in die donkerste omstandighede, as ons alle hoop wil verloor, is dit nog steeds vir God moontlik om uitkoms te gee – en Hy doen dit telkens in ons lewe.

Sing: Psalm 81:1 *Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*